



Jesus ons Verlosser leef! Ons reik uit oor alle grense.

11 NOVEMBER 2018

STELLENBERG-GEMEENTE

021 976 4519 (kerkkantoor)

021 975 1044 (jeugkantoor)

021 910 3900 (feesmark)

021 976 8029 (SOS)

www.stellenberg.co.za

navrae@stellenberg.co.za

GEMEENTEBULLETIN

EREDIENSTE

11 November

18 November

Nagmaal

			11 November		18 November	
09:00	Kerk	Oggenddiens	Dr. Hanekom	5	Ds. Visagie	1/3
09:00	Kleinsaal	Gesinsdiens	Ds. Breytenbach	6	Ds. Duvenhage	7/8
09:00	Kapel	Meditatief	Philipp Dietmann	-	Philipp Dietmann	-
09:00	Grootzaal	Klouterkerk	Ds. Potgieter	-	Geen diens	-
18:00	Kerk	Jeugdiens	Ds. Kotze	-	Ds. Breytenbach	-
19:00	Kapel	Kruisdiens	Ds. Visagie	1	Ds. Visagie	12

OGGENDDIENS

Julle krag is in stil wees en vertrou hê.

(Jesaja 30:15)

GESINSDIENS

Kersfees kom!

(Matt. 1:18-25)

KLOUITERKERK

Die grootste geskenk.

(Lukas 2:1-20)

JEUGDIENS

Dissipelskap

(Matt. 28:18-19)

DEURKOLLEKTE

Christelike Polisievereniging

TIENDEMAANDINSAMELING

- Met die oog op die tiendemaandinsameling dié maand versoek ons dat jy biddend sal oorweeg om 'n bydrae tot die spesiale insameling te maak. Die tiendemaandbydraes is onontbeerlik vir die voortsetting van gemeentewerk.
- Bring gedurende Novembermaand jou tiendemaandbydrae, of bewys van die bydrae, in 'n leë blikkie saam na die erediens toe en in ruil daarvoor sal jy 'n spekboompie ontvang. Kontant moet asseblief in 'n toegeplakte koevert binne-in die blikkie geplaas word. Daar is 'n beperkte hoeveelheid spekboompies, neem asb. net een per gesin.

Jeremia 17:8 "So iemand is soos 'n boom wat by water geplant is en sy wortels na die stroom toe uitstoot, nie die hitte voel as dit kom nie en altyd groen blare het; 'n droë jaar raak hom nie en hy hou nie op om vrugte te dra nie."

JEUGDAGBOEK

- JUNIOR KLEINGROEPE: Alle graadgroepe ontmoet om 10:00 in die kerk. Ons gaan voort met ons feesreeks.
- JEUGDIENS: Begin om 18:00 met kleingroepe na die diens.
- SENIORKLEINGROEOPLEIERS: Ontmoet om 17:30.
- ANNIBRAND KLEINGROEPE: Vir jong volwassenes, kom op Woensdae om 18:30 bymekaar. Kontak jeugkantoor vir info.
- BLISS: Groep vir jong volwassenes kom Sondag 16:45 bymekaar, en ander selgroepe Woensdagaande 18:30. Kontak die jeugkantoor vir meer info.
- GRAAD 1-TOT-3-KAMP: 9 tot 10 November in die grootsaal. Inskrywingsvorme is op www.stellenberg.co.za beskikbaar.
- JEUG-APP: Gaan na die *Google Play Store* of *Apple Store* en soek "Stellenberg". Laai af en geniet!
- DELFT-UITREIK: Elke Donderdag direk na skool om 14:30.

VERVOER NA DELFT

Ons benodig dringend 'n vrywilliger wat bereid is om elke Donderdag, tydens skoolkwartale, om 14:30 tieners by Stellenberg Hoërskool op te laai, na Delft te vervoer en weer om 16:00 na afloop van die kinderbedieningprogram, terug te besorg by die skool. Jy sal die kerk se klein bussie gebruik en het dus nie 'n PDP-lisensie nodig nie. Kontak Sunet indien jy kan help, by 021 975 1044/sunet@stellenberg.co.za.

VATVYF

Kersafsluiting op Woensdag 28 November om 12:00 in die kleinsaal. Neem asb. kennis dat die datum verskuif het na 28 November. Kom geniet 'n heerlike driegangmiddagete met 'n kort Kersprogram. Koste R30 per persoon. Bespreek jou plek by Karin 021 976 4519.

KLEINGROEPE VANDAG

Graad 1-3 Kleinsaal

Graad 4: Bovertrek

Graad 5 & 6: Kerk

Graad 7: Jeuglokaal

Graad 8: Grootsaal

Graad 9: Jeuglokaal

Graad 10: Kerk

Graad 11: Kleinsaal

GEMEENTEKAMP

Almal wat plek bespreek het om vanaf 30 November tot 2 Desember saam te gaan kampeer, ontmoet op 18 November om 10:00 in die kapel om finale reëlings te bespreek. Kontak ds. René Potgieter met navrae by rene@stellenberg.co.za of 079 893 8104.

KERKRAADS- VERGADERING

Die kerkraad kom op Woensdag 14 November vir 'n vervroegde vergadering byeen.

HARTLIK GELUK

Ds. Why Duvenhage het nog 'n kleindogter ryker geword. Zandri Duvenhage is op Vrydag 2 November gebore. Hartlik geluk ook aan Gerhard en Mignon met die geboorte van hulle tweede dogter.

BASAARKOMITEE

Ons is besig om 'n basaarkomitee saam te stel vir die aanbied van die geleentheid in 2019. Indien jy 'n bydrae wil lewer deur op die komitee te dien en die Here dit op jou hart lê om by dié gemeenteprojek betrokke te raak, kontak asseblief vir Christine Morsbach (082 353 9917) of Callie Visagie (072 385 4368) teen 19 Nov.

KERSFEES VIR MINDERBEVOORREGTES

• Ruyterwacht Senior Sentrum

Ons wil graag die Ruyterwacht Senior Sentrum ondersteun met die Kerspakkies wat hulle vir hulle lede saamstel. Hulle benodig 260 boksies met wigkasies en 260 pakke malvalekkers. Produkte kan voor of op 26 November by die kerkkantoor afgegee word.

• Kerse te by Klipheuwel

Indien jy graag betrokke wil raak by die Kerse te wat jaarliks op Kersdag aan inwoners van die informele nedersetting in Klipheuwel aangebied word, kontak asb. vir Ingrid Botha by 082 574 1544 of ingbot59@gmail.com.

FEESMARK 2018

Ons is baie dankbaar vir die ondersteuning wat die Feesmark weer vanjaar geniet het. Die mark se totale omset was uiteindelik slegs 2.3% onder verlede jaar s'n. Die hittegolf tydens die eerste week van die Feesmark en die knellende ekonomie was remskoene, maar ons verwagtinge is steeds oortref. Hartlik dankie aan al die uitstallers asook ons feemarkorganiseerders en -komitee vir hulle harde werk. Ons het groot waardering vir lidmate se geduld veral met die opruiming van die terrein. Die omvang van die Feesmark veroorsaak dat die opruiming ongelukkig tydrawend is.

EDELWEISS BYBELSTUDIE

Donderdag 15 November
om 15:00 en 15:45

Handelinge 26:

Paulus voor koning
Agrippa.

Sondag 18 November
17:30

Nagmaal

Hebreërs 9: 23-28

Jesus, ons volkome Offer

HUISBYEENKOMS

Sondag 25 Nov. 18:00

1 Johannes 4 & 5:

Liefde . . . God se
oplossing vir konflik!

GRAAD 1-TOT-3-KAMP

Nie minder nie as 80
graad 1's tot 3's het

Vrydagaand in die
grootaal oorgeslaap.

Onder leiding van Brenda

Visser, kinderwerker, het

die groep Vrydagaand en

Saterdagoggend 'n

Bybelse skattejag meege-
maak.

BREIGROEP

Die breigroep kom weer op

Maandag 5 Desember

byeen. Ons gaan saam

ontbyt eet. Kontak vir Ria

by 083 519 0603 vir

verdere besonderhede.

STELLENBERG-BYBELSKOOL

Die Ou Testament het oor 'n lang tydperk tot stand gekom en in dié vier-weke-kursus ondersoek ons die proses – wie die vertellers van verhale was en wat hulle daardeur wou

kommunikeer. Aanbieder: ds. Marius Breytenbach

Datums: Dinsdagaande (13,20,27 Nov. asook 4 Des.) om 19:00-20:30. Koste: R30. Plek: Stellenberg-kleinsaal

Inskywings: Karin Barter by 021 976 4519, of karin@stellenberg.co.za.

DANKIESÊ VIR VRYWILLIGERS

Ons wil graag alle vrywillige helpers soos kleingroepleiers, eredienswerkers, bulletinvouers, lede van die sekuriteitspan, koskokers, blommeranskikkers, helpers by die kafeteria en teetuin, kosprojekpakkers, kommissie- en bedieningsgroeplede, breigroep, kaartjiebedieningsgroep en lede van die kerkraad uitnooi na 'n gesellige saamkuiergeleentheid om almal vir hulle betrokkenheid te bedank. Kom geniet iets te ete op enige een van die twee geleenthede wat aangebied word:

- Vrydagoggend 30 November om 11:00 in die markplein, of
- Woensdagaand 5 Desember om 18:30 in die markplein.

Laat weet asb. voor 23 November vir Karin Barter by 021 976 4519/karin@stellenberg.co.za watter geleentheid jy gaan bywoon. Ons benodig die getalle vir spyseniering.

MET LEEDWESE

Alwyn Petrus du Toit, gebore 08/08/1935 en oorlede op 03/11/2018. Alwyn was sedert 1971 'n lidmaat van Stellenberg-gemeente. Sy roudiens was op Saterdag 10 November by die Durbanville Gedenkpark. Ons innige meegevoel met Brenda, sy vrou, Fairbarnstraat 13, wat hy agterlaat.

GEBEDSGROEPE

Maandag 09:15

Vrouebiduur in die gebedskamer.

Dinsdag 18:30

Gebedsbyeenkoms in die gebedskamer.

Donderdag 06:00

Gebedsbyeenkoms vir mans in die markplein.

NUUT IN DIE GEMEENTE

Indien jy nuut by die gemeente ingeskakel het, kontak ons asseblief. Ons wil jou graag persoonlik ontmoet. Jy kan na die oggenddienste by die inligtingstoonbank aanmeld, of stuur 'n e-pos aan odette@stellenberg.co.za, of gesels na die diens met die prediker.